Grafiek 6: Western Deep Levels-goudmyn – Goudproduksie: aanvangsjaar, piektyd en 1988........ 223

Grafiek 7: Elandsrand-goudmyn – Goudproduksie: aanvangsjaar en teen 1988 ........ 239

Grafiek 8: Carletonville-goudmyne – Goudproduksie: tonne erts ontgin, 1984 - 1988 245

Grafiek 9: Suid-Afrika/Carletonville – Goudproduksie teen 1988 – ‘n vergelyking....... 248

Grafiek 10: Die bydrae van die landbou, die mynbou, fabriekswese en handelsdienste tot die BGP van die distrik Oberholzer (Carletonville-gebied), 1972-1984: ‘n vergelyking....... 323

Grafiek 11: Die BGP-bydrae van die Carletonville tot die Wesrand-Streek, Transvaal en Suid-Afrika gedurende 1970, 1981 en 1984 ........ 390

Grafiek 12: Ouderdomsgroepe - Blankes ........ 470

Grafiek 13: Bevolkingsverspreiding: Beroepsgroepe - Blankes ........ 471

Grafiek 14: Ouderdomsgroepe – Swart mense ........ 477

Grafiek 15: Bevolkingsverspreiding: Beroepsgroepe – Swart mense........ 478

***RéSUMé***

The area in which the local government of Carletonville currently operates, was formerly known as the Gatsrand Ward of the Potchefstroom district. As the region developed economically, it stimulated the proclamation of new towns and the restructuring of area boundaries. In this process the name Gatsrand faded away. Today the name Gatsrand features only as a reference to a series of ridges and as a geographical feature in the Western Transvaal.

Economic events and development in the municipal area of Carletonville form part of, and are supplementary to, the historical development of the broader society of the Far West Rand and of the South African economy.

This is a study of the economic history of the Carletonville municipal area since 1948 and the influence on community activities till 1988.

Since 1937 gold mining development has stimulated definite advances in local development. Up to 1948 six towns for whites have been proclaimed of which Carletonville has become the prime town. In this process the local agricultural sector lost its economic dominance of over nearly 100 years to the mining sector.

After 1948 the rich gold discoveries in the so-called West Wits Line area expanded and by 1982 had resulted in the development of seven gold mines within the municipal boundaries of Carletonville, each equipped with an infrastructure for the needs of its own black workers. The gold mines, with the exception of West-Driefontein, via the financial assistance of the mine group Gold Fields of South Africa, supported the settlement and development of a white mining community in Carletonville.

Gold mining expansion not only resulted in the development of mines and of mining communities but also led to the establishment of numerous enterprises in the tertiary

economic sector. Most of the enterprises in the secondary sector, however, have been developed to provide for the needs of the mining sector. The result is that the manufacturing industry has not yet expanded along such lines as to be an economic substitute capable of preserving the mining community, should mining activities end.

Due to the above mentioned economic expansion since 1948, more towns have been proclaimed, communication channels developed, parishes formed, housing, medical facilities and roads expanded to accommodate the needs of the growing number of white inhabitants. The numbers of schools and pupils have also increased. Furthermore, service organisations, cultural, leisure and sporting activities have been organised, especially by the mining companies, to help ensure a vital and balanced society. This also concerns the community of Khutsong outside the northwestern boundary of the Carletonville municipal district, which was established in 1958, in order to accommodate blacks who mainly offered their services to the business sector in the surrounding white communities.

The only outstanding negative event which affected the economy, emotions, family life and future of the society in the Carletonville area was the appearance of several frightening sinkholes, especially during the period 1962 to 1970. As a result of the continuation of gold production and the determination of the local and central government to ensure the survival of the area, this unforgettable traumatic setback has been overcome with distinction.

## ***INLEIDING***

Hierdie proefskrif handel oor die ekonomiese ontwikkeling binne die munisipale gebied Carletonville, 1948 tot 1988, vanuit 'n historiese perspektief en poog om die invloed daarvan op die samelewingsontplooiing aan te toon.[1] Die studie vorm deel van 'n omvangryker projek wat deur die departement Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op versoek van die Carletonvillese Stadsraad onderneem is.

Ekonomiese geskiedenis is afgespits op ekonomiese gebeure binne histories konteks, met die wisselwerking tussen die institusionele, sosiale en kulturele prosesse as uitgangspunt om sodoende lig te werp op nywerheidsvestiging.[2]

Die industriële rewolusie wat gedurende die agtiende eeu in Engeland begin het, sowel as Karl Marx se ekonomies-filosofiese benadering van die geskiedenis, word beskou as van die invloedrykste faktore wat ekonomiese geskiedskrywing bevorder het.[3] Hiervan is Frederic Seebohm se publikasie ***English Village Community: An Essay in economic history*** (1883), 'n tipiese voorbeeld en  een van die sistematiese pogings wat aan die beoefening van die ekonomiese wetenskap in streeksverband 'n historiese dimensie gegee het.[4] Onder leiding van Gustav Schmoller van die Historiese Skool in Duitsland en van March Bloch en Lucien Febre, stigters van die Franse Joernaal ***Annales d' Histoire Economiques et Sociale*** (1929), is ekonomiese geskiedskrywing verder aangemoedig.[5]

Teen die dekade tagtig was studies in sosiale en ekonomiese geskiedenis wêreldwyd aktueel. Volgens B.H. Slicher van Bath, was die Amerikaanse historici daarmee gemoeid ***niet bang voor experimenten; er zijn vergissingen gebaan, maar in het algemeen is ere en belangrijke voortgang gemaak door de frisse aanpak en door het nauwe***

---

[1] 'n Inleiding oor die verdure ontplooiing van hierdie onderwerp is op p.xxv te vind.

[2] H. Ritter, ***Dictionary of concepts in history,*** pp.126, 140 en Anon., "What is economic history?," ***History Today,*** 35, February 1985, pp.35-43 waarin etlike historici hul sieninge oor ekonomiese geskiedenis gee.

[3] A.L. Müller, "Gedagtes oor die aard, inhoud en betekenis van ekonomiese geskiedenis", ***Tydskrif vir Studies in Ekonomie en Ekonometrie,*** 12(3), November 1988, pp.41, 42.

[4] P.W. Klein, "Economische geschiedenis: over theorie en historie in de economische wetenskap", P.A.M. Geurts en F.A.M. Messing, ***Theuretische en methodolgische aspecten van de economische en sociale geschiedenis, vol I,*** p.237 en H. Ritter, ***Dictionary of concepts in history,*** p.126.

[5] H. Ritter, Dictionary of concepts in history, pp.127, 410.

***contact met de andere sociale wetenschappen.***[6] Hoewel hierdie tipe geskiedenis intussen sy fleur in die Verenigde State van Amerika, Brittanje en Nederland verloor het, is die teendeel waar wat Duitsland, Italië, Swede en Suid-Afrika betref.[7]

In die verlede het Suid-Afrikaanse historici, anders as hul Europese eweknieë, nooit werklik die wydgeskakeerde terrein en metode van geskiedenis beredeneer nie.[8] Alhoewel die werke van W.M. Macmillan, ***The South African agrarian problem and its historical background*** (1919), en van C.W. de Kiewiet, ***A history of South Africa: social and economic*** (1957), baanbrekerswerk ten opsigte van Suid-Afrikaanse ekonomiese geskiedskrywing is, het belangstelling in dié terrein eers in die sestigerjare werklik momentum gekry.[9]

Binne die kader van die vernaamste filosofiese strominge soos die liberalisme, revisionisme en Marxisme, is die ekonomiese studies met betrekking tot Suid-Afrika onderneem.[10] Die liberalisme as oudste en mees gevestigde stroming in Suid-Afrika het op ekonomiese terrein veral aan kapitalisme, en die voordeligheid van industrialisasie vir die opheffing van alle sosiale klasse, aandag gegee.[11] Op sy beurt het die revisionistiese denkers die verband tussen die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die ontplooiing van die stelsel van rassedominansie ondersoek, asook navorsing oor die geskiedenis van die industrialiseringsproses in die land onderneem.[12]

Die Marxisme, as die radikaler denkrigting met 'n Neo-Marxistiese paradigma, het vanaf die sewentigerjare veral opgang in Suid-Afrika gemaak. Op ekonomiese terrein is die oplossing

---

[6] B.H. Slicher van Bath, "Nieuwe wegen in die Amerikaanse economische en sociale geschiedenis', P.A.M. Geurts en F.A.M. Messing, ***Theoretische en methodologische aspecten…,vol.II,*** p.315.
[7] C.C. Eloff, ***"History from below…"***, (dertiende Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, UNISA, Pretoria, 22-25 Januarie, 1991), p.19.
[8] F.A. van Jaarsveld, "South Africa as an industrial society", ***Historia,*** 34(1), May 1989, p.95.
[9] C. Saunders, The making of te South African past. Major historians in race and class, p.71-75, 112-113, 117, 167.
[10] H.M. Wright, The burden of the present, liberal-radical controversy over Southern African history, pp.6, 34 en M.L. Truu, "Approcajes to the South African economy', Tydskrif vir Studies in Ekonomie en Ekonometrie, 12(1), March 1988, pp.6-7.
[11] C. Saunders, ***The making of the South African past…,*** p.66, 170. Vergelyk ook met M. Morris, "The development of capitalism in South Africa", ***Journal of Development Studies,*** 12(3), April 1976, p.281.
[12] C. Saunders, The making of the South African past…, p.171.

vir Suid-Afrika in die neutralisering van die uitbuitende kapitalistiese stelsel gesien.[13] Daarby het daar ook toenemend 'n neiging by die aanhangers van hierdie stroming ontstaan om metodies-gewys, 'n ***history from below***-benadering, of ook bekend as die ***peoples' history***-benadering in ekonomiese en sosiale geskiedenis te volg. Hiervolgens is die totale samelewing en die breë sosiale prosesse as die vertrekpunt geneem.[14] C. van Onselen se werk, getiteld ***Studies in the social and economic history of the Witwatersrand 1886-1914, vol. I, New Babylon*** asook ***vol. II, New Nineveh*** (1982) word tot op hede as die mees oorspronklik teks met betrekking tot die ekonomiese en die sosiale geskiedenis ***from below*** beskou met goud,[15] soos dit ook in die studie van Carletonville sal uitwys, as die ekonomiese impetus. Tans is geskiedskrywing volgens die van ***onder na bo***-benadering baie kontroversieel.[16]

Val die soeklig pertinent op ekonomiesgerigte streekgeskiedenis, bied geen Suid-Afrikaanse werk in enige denkrigting, asook onlangse voltooide nagraadse studies, 'n bevredigende metode waarvolgens streekekonomiese geskiedenis benader kan word nie.[17] Dit geld ook vir die meeste werke rakende die Suid-Afrikaanse ekonomiese geskiedenis in die breë, vanaf dié van D.M. Goodfellow, ***A modern economic history of South Africa*** (1931) tot meer onlangse werke soos dié van M. Kooy (ed.), ***Studies in economics and economic history*** (1972) en F.L. Coleman (ed.), ***Economic history of South Africa*** (1983).

'n Ouer teks as dié van Coleman, wat die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika meer histories as suiwer ekonomies benader het, is die werk wat in 1979 onder redaksie van A.L. Müller verskyn het, naamlik ***Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika***. Sedertdien het nog geen verbeterings hierop verskyn nie. Selfs die jonger produk deur J. Nattrass, ***The***

---

[13] C. Saunders, ***The making of the South African past…,*** p.176. C.C. Eloff, ***"History from below…",*** (dertiende Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, UNISA, Pretoria, 22-25 Januarie, 1991), p.10; H.M. Wright, ***The burden of the present, liberal-radical controversy over Souther African history,*** p.22 en S. Marks and A. Atmore, ***Economy and society in pre-industrial South Africa,*** pp.2, 25-26.

[14] C.C. Eloff, ***"History from below…",*** (dertiende Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, UNISA, Pretoria, 22-25 Januarie, 1991), p.11.

[15] K. Smith, ***The changing past,*** p.185; C.C. Eloff, ***"History from below…",*** (dertiende Tweejaarlikse Konferensie van dei Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, UNISA, Pretoria 22-25 Januarie, 1991), p.12; L. Vail, [Review C. van Onselen], ***African Economic History,*** 13, 1984, pp.194-195 en R. Gray, "The industrialisation of South Africa: A review article", ***Comparative Studies in Society and History,*** 29(1), January 1987, p.402.

[16] W.J. Alberts en A.G. van der Steur, ***Handleiding voor de beoefening van locale en regionale geschiedenis,*** p.12; V. Skipp, "Local history: a new definition", ***The Local Historian,*** 14(6), 1981, p.328 en C.C. Eloff, ***"History from below…"***, (dertiende Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, UNISA, Pretoria, 22-25 Januarie, 1991), p.11-12.

[17] Die uitspraak is gegrond op die bevindinge van P.H.R. Snyman. Kyk P.H.R. Snyman, "Die stand van stedelike en streeksgeskiedenis in die RSA", ***Contree***, 16 Julie 1984, pp.30-31.

***South African economy, its growth and change*** (gedruk in 1981 en bygewerk in 1988), bied nie vir die ekonomiese geskiedskrywer sowel as die streekhistorikus 'n bevredigende navolgingswaardige metode vir die skryf van ekonomiese geskiedenis nie. Dit is hoofsaaklik omdat diégene soos Nattrass, wat hulle in die verlede op die terrein van ekonomiese geskiedenis begewe het, ekonome eerder as historici is. Gevolglik het suiwer ekonomiese aspekte soos kapitaal, arbeid en die stand van bruto binnelandse produk prominensie geniet. M.L. truu se opmerking in 1988, naamlik dat ***the story of the South African economy has been told by many authors, belonging to different schools of thought…***en ***…more light has been shed on the South African economy by research conducted in terms of relative costs and prices than by studies which rely in the unfolding of assumed historical laws,***[18] bevestig al die voorafgaande bevindinge.

In 1989 het F.A. van Jaarsveld streeknavorsing in Suid-Afrika rakende gemeenskapsaktiwiteite, onder meer oor selfonderhouding sowel as dorps- of stedelike groei, as yl bestempel.[19] Die skrale aantal voltooide proefskrifte en verhandelinge in die vorm van streekstudies, met klem op die ontwikkeling van 'n bepaalde ekonomiese infrastruktuur en die uitwerking daarvan op die gemeenskap, onderstreep inderdaad van Jaarsveld se aanname. Slegs twee studies is geïdentifiseer wat wel pertinent aan die ekonomiese ontwikkeling van ʼn bepaalde dorp of streek aandag verleen, maar waarin ʼn behoorlike beskrywing van alle ekonomiese sektore en die invloed van die ekonomie op die gemeenskap skraal of andersins onvolledig is. Dit is naamlik die studies van E.A. Krause, ***Die Lichtenburgse alluviale diamantdelwerye, 1926-1945: 'n sosio-ekonomiese geskiedenis*** (1986), en J.E. Wilson, ***A changing rural economy and its implication for the Overberg, 1838-1872*** (1991). Dit is opvallend dat beide werke eers onlangs verskyn het, wat ʼn goeie aanduiding is van hoe braak die gebied van navorsing en metodiek in streekekonomiese geskiedenis nog lê. In ander aangrensende vakwetenskappe, veral Sosiologie, Ekonomie en Geografie, is 42 magister- en doktorale studies geïdentifiseer wat gedurende die periode 1919 tot 1991 voltooi is en in ʼn sosio-ekonomiese rigting op streekvlak neig, maar nie histories-gerig is nie. Hiérdie tendens is nietemin ʼn aanduiding van interdissiplinêre skakeling wat onvermydelik op streekvlak voorkom en vir die ekonomiese streekhistorikus uiters nuttig kan wees om ʼn geheelbeeld van ʼn gemeenskap te verby.

---

[18] M.L. Truu, :"Approaches to the South African economy", ***Tydskrif vir Studies in Ekonomie en Ekonometrie,*** 12(1), March 1988, p.1.
[19] F.A. van Jaarsveld, "South Africa as an industrial society", ***Historia***, 34(1), May 1989, p.98.

In 1981 het V. Skipp sy sogenaamde ostensiewe model as metode vir die bestudering van streek- of plaaslike geskiedenis bekend gestel. Volgens hierdie model word die feitelike ondersoek gevolg deur ‘n verhalende en beskrywende metode, waarin die uiteindelike afronding streng analities met betrekking tot mikro-geskiedenis en vergelykbare studies moet wees.[20] Skipp se model veronderstel dat die historiese verloop van alle terreine van ‘n streek, naamlik die politieke, die ekonomiese, die kulturele en so meer, gelykwaardig en/of onafhanklik ontleed kan word. Dit wil ook voorkom asof geen spesifieke voorkeur van volgorde vir die tema(s) wat beskryf word, nodig is nie. Skipp bied ook geen verdure uitgebreide raamwerk vir elk van hierdie terreine, sou dit wel as afsonderlike entiteite bespreek word, nie. Die individualiteit van streke is sekerlik ‘n stemmende faktor, wat die uitbreidingsmoontlikhede van die ostensiewe model bespreek.

In die onderhawige studie oor die ***Ekonomiese ontwikkeling en die invloed daarvan op Carletonville,[21] 1948-1988: ‘n historiese studie,*** word een van die terreine volgens die Skipp-model, naamlik die ekonomiese, belig. Addisioneel tot die historiese uitleg van die ontwikkeling van die plaaslike primêre, sekondêre en tersiêre sektore, met inbegrip van die kommunikasienetwerk, is die ontwikkeling van al die sosiale fasette van die Carletonville-gemeenskap aan die ontplooiing van die ekonomie gemeet en oorsigtelik bespreek. Die posisie en rol van elke sektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie is ook in breë trekke behandel. In die aanbiedingsverloop is kwantitatiewe gegewens analities en heuristies ontleed, en met groot vrug aangewend.

Prominensie word in die studie aan die blanke bevolkingsgroep verleen, aangesien hulle die vernaamste gesaghebbers binne die plaaslike ekonomiese opset van die Carletonvillese munisipale gebied is. Die naaste swart woonbuurt (Khutsong) is buite die munisipale gebied van Carletonville geleë. Aandag word wel sydelings aan die doen en late van dié swart mense geskenk en veral hulle posisie en aanwesigheid in die goudmynbedryf as dominerend sector in die plaaslike ekonomie word, ter wille van ’n duideliker en vollediger beeld van die gebied se ekonomiese gang, dieper belig. Dit moet egter geensins as volledig beskou word nie.

---

[20] V. Skipp, “Local history: a new definition”, ***The Local Historian,*** 14(6), 1981, p.329.
[21] Die woorde “Carletonville” en “munisipale gebied Carletonville” word in die teks as sinonieme gebruik.

Dit wil voorkom asof die werksmetodes soos ten opsigte van die geskiedenis van Carletonville gevolg, in die Suid-Afrikaanse streeksgeskiedenis uniek is of andersins ylerig skyn te wees. Bo en behalwe dat die studie oor die ***Ekonomiese ontwikkeling en invloed daarvan op Carletonville…*** daarop aanspraak maak om die eerste streeksekonomiese studie van sy soort in Suid-Afrika te wees, is dit ook die eerste wat meer kontemporêr gerig is. Juis dìt, het eindelose probleme met betrekking tot die verkryging van navorsingsmateriaal veroorsaak.

Primêre navorsingsgegewens is in die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB) en die Sentrale Argiefbewaarplek (SAB) verkry. Vanweë die vermelde kontemporêre aard van die studie is etlike dokumente met betrekking tot Carletonville in die Tussenbewaarplek (TBP) ook geraadpleeg. Toestemming vir die gebruik van die dokumente wat deur al drie dié instansies bewaar word, is langs die moeisame weg bekom. Ten eerste moes daar vir die raadpleging van elke dokument toestemming by die Direkteur van Argiewe verkry word, wat van alle betrokkenes tydrowende administrasiewerk vereis het. Ten tweede kon geeneen van die dokumente waarvoor toestemming verkry is, gefotokopieer word nie, wat ŉ vertraagde effek op die insameling van die navorsingsgegewens tot gevolg gehad het.

Gegewens oor aspekte rondom die Carletonville-gebied is ook in die Nedbank-argief opgespoor, Geen bruikbare inligting met betrekking tot Carletonville kon egter in die Standardbank-argief gevind word nie. Verder is die dokumentêre inligting ook by die Departement van Paaie en die Departement van Landbou in die Hoëveldstreek, beide in Potchefstroom, verkry. Die wyse waarop die Departement van Landbou streke in die landbou benader, het daartoe gelei dat ŉ ietwat groter terrein, naamlik die Oberholzer-distrik, vir die doel van die landbougeskiedenis van Carletonville nagevors moes word, aangesien gegewens nie altyd net op die Carletonvillese munisipale gebied gerig is nie.

Waardevolle inligting is ook uit plaaslike privaatversameling bekom. Vir die tydperke 1948 tot 1959 en 1959 tot 1989 is die notules van onderskeidelik die West Wits Plaaslike Gebiedskomitee en die Stadsraad van Carletonville[22] bestudeer. Ter aanvulling hiervan is

---

[22] Die ontwikkeling van die Carletonvillese plaaslike owerheid, en dienslewering deur hierdie instansie as direkte uitvloeisel van die ekonomiese groei ter plaatse, is slegs in breë trekke in dié studie

dokumente in besit van die munisipaliteit, wat hoofsaaklik van 1983 af tot 19688 dateer, geraadpleeg.

Benewens die feit dat van die waardevolle dokumentêre materiaal binne die administrasietermyn van die West Wits Gebiedskomitee nie opgespoor kon word nie, is probleme ook met die insameling van outentieke gegewens wat op die plaaslike goudmyne betrekking het, ondervind. ʼn Grootskaalse soektog het slegs enkele argivalia opgelewer. Die *Cory Library for Historical Research* by die Universiteit Rhodes wat dokumente van Consolidated Gold Fields bewaar, dateer slegs tot en met 1920. Gegewens vir die periode na 1920, volgens die argivaris, is baie onvolledig, en wat wel beskikbaar is, is nie vir navorsingsdoeleindes georden nie. Pogings om toestemming in dié verband te kry, was vrugteloos.

Barlow Rand weer, as gesaghebbende oor die Blyvooruitzicht-goudmyn binne die Carletonville-gebied, kon slegs met foto's en jaarverslae behulpsaam wees. Brokkies inligting is wel by die plaaslike goudmyne, sowel as die goudmyne wat aan die Anglo American-Groep verbonde is, bekom. Die Chamber of Mines en Consolidated Gold Fields of South Africa se hoofkantore te Johannesburg is ook besoek, en nuttige statistiese gegewens in jaarverslae verkry.

Navorsing wat met betrekking tot die kommunikasiewese onderneem is, het ook leemtes uitgewys. Instansie soos die Suid-Afrikaanse Spoorweë en –Hawens, sowel as die Poskantoor-Museum, het oor geen outentieke dokumente rakende die onderskeie kommunikasiestrukture in die Carletonville-gebied beskik nie. Ook die TAB, as bewaarplek vir die Posmeester-Generaal-argief, kon feitlik geen inligting verskaf nie. 'n Inventaris oor poskantoor-aangeleenthede is wel hier gevind, en 'n paar inskrywings wat Carletonville vermeld, is wel geïdentifiseer. Die TAB het egter geen vindmiddel vir die ontsluiting van dié inligting gehad nie.

---

uitgewys. Die onstaansgeskiedenis en die rol van die Stadsraad van Carletonville binne sy munisipale grense regverdig per se 'n apart studie.

Sensusgegewens[23] en Staatskoerante van die Unie van Suid-Afrika, en alter van die Republiek van Suid-Afrika, sowel as gegewens uit etlike nasionale en plaaslike koerante is benut. Waardevolle inligting is ook uit wetenskaplike en populêre tydskrifartikels bekom. Tesame met die mondelinge getuienisse en herinneringe soos verkry uit die Carletonville argiefgroep van die PU vir CHO, en wat in hierdie studie aangedui word as

"Carletonville (PU vir CHO)", het al die vermelde inligtingsbronne baie daartoe bygedra om argivale leemtes, ten opsigte van veral die goudmyne, aan te vul. Om Carletonville in die streek- en nasionale perspektief te stel, is etlike sekondêre bronne, regeringspublikasies, sowel as proefskrifte, verhandelinge en tydskrifartikels gebruik.

Die skrywer het nie doelbewus gepoog om 'n bepaalde teoretiese benadering in die studie na te volg nie. Soos vroeër genoem is die huidige tydsgewrig wat onder teoretici waargeneem word, self nie duidelik omlyn nie. Gevolglik is 'n hipotetiese benadering teenoor die teoretiese historiografie sowel as die teksgegewens ingeneem.

**********************************

[23] Feitlik alle sensusgegewens wat in die teks opgeneem is, strek net tot 1985, aangesien die jongste syfers nie beskikbaar is nie en moontlik eers Julie 1992 sal verskyn.